# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

UITGAWE 214 · 13 NOVEMBER 2020

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers

Ek wil begin deur ons Hemelse Vader te bedank dat hy so mooi na die Framesby-familie kyk. Alle eer aan Hom. Ons het met leedwese van die afsterwe van mnr. M Barnard (vader van Dewald Barnard in Graad 9) verneem. Ons gebede is met hierdie familie en mag ons Hemelse Vader ook die nodige vertroosting aan hulle bied.

Ek wil die volgende onder u aandag bring:

EKSAMEN: NOVEMBER/DESEMBER 2020
Ouers en leerders moet kennis neem van die volgende reëlings vir die eksamen! Hierdie eksamen vorm 'n belangrike deel van die finale punt van die leerders. Daarom moet u kind goed voorbereid vir elke vak opdaag sodat ons leerders almal aan die einde van die jaar kan slaag. Leerders moet hul blokdae benut om te studeer. Ouers, u moet toesien dat leerders by die huise is en studeer en nie in die stad by winkelsentrums is nie. U samewerking in hierdie verband word hoog op prys gestel.

Leerders kom slegs skool toe om hul eksamenvraestel te skryf. Daar sal geen studietyd in die skryflokaal wees nie. Leerders moet betyds by die skool vir skandering wees sodat hulle by hul aantreepunte op die rugbyveld kan aanmeld. Daar moet die leerders in rye aantree. Leerders sal deur die toesighouers op die rugbyveld gehaal word. Die graad 10- en 11-leerders skryf in verskillende lokale. In geval van reën, sal leerders betyds in kennis gestel word in watter lokale hulle moet skryf.

Die graad 8-leerders skryf in die A- en B-blok. Graad 9-leerders skryf in die hoofgebou. Nadat leerders geskryf het, verlaat hulle die skoolterrein deur hek A. Leerders moet te alle tye hul maskers dra en 'n veilige afstand handhaaf.

Alle skandering vind by hek B plaas. In die volgende tabel word die tye, sowel as aantreepunte, aangedui:

| GRAAD | BEGIN VAN SKRYFSESSIE | SKANDERING | AANTREEPUNT OP RUGBYVELD | TYD BY AANTREEPUNT |
|---|---|---|---|---|
| 10<br>11 | 08:00 tot einde van vraestel | 07:00 - 07:25 | Naaste aan nuwe lokaal<br>Naaste aan gimnasium | 07:30 |
| 8<br>9 | 11:00 tot einde van vraestel | 10:00 - 10:25 | Naaste aan nuwe lokaal<br>Naaste aan gimnasium | 10:30 |
| 10<br>11 | 14:00 tot einde van vraestel | 13:00-13:25 | Naaste aan nuwe lokaal<br>Naaste aan gimnasium | 13:30 |

HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR
SUNRIDGE VILLAGE

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Indien leerders afwesig is word ‘n doktersbrief/kliniekbrief vereis. Indien geen doktersbrief/kliniekbrief ingedien word nie, ontvang leerders ‘n (0).

Ouers van ‘n Covid-19 positief getoetste leerder moet dadelik ‘n doktersbrief aan die graadhoof e- pos. So ‘n leerder sal ‘n verwerkte punt vir die vraestel(le) wat hy/sy nie skryf nie, ontvang.

Leerders wat in aanraking was met Covid-19 positiewe persoon(e) se ouers/voog moet die graadhoof dadelik per e-pos in kennis stel. ‘n Beëdigde polisieverklaring deur die ouer/voog moet aan die e-pos as bewys geheg word. Daarin moet die ouer verklaar dat die leerder met ‘n positiewe geval in aanraking was. So ‘n leerder sal ‘n verwerkte punt ontvang vir die vraestel(le) wat hy/sy nie skryf nie.

Ek wil elke leerder en ouer sterkte toe wens met die voorbereiding vir die eksamen. Ons weet dit was ‘n moeilike jaar, maar vertrou dat die leerders, met die nodige ondersteuning, hul graad sal slaag.

Ouers, net ‘n woord van dank aan ‘n ieder en ‘n elk vir u ondersteuning. Dit word opreg waardeer. Ek sluit af met die woorde wat ek gereeld onder u aandag bring: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud – kom ons hou dit so!

Alle eer aan ons Hemelse Vader!

Vriendelike groete

Marius Germishuys
Skoolhoof

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR**

SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY IS TROTS OP

## Tiaan behaal 'n tweede plek in landswye Wiskunde kompetisie

Tiaan de Beer (graad 10A) het onlangs aan die MobitutorZA Wiskunde kompetisie deelgeneem. Die kompetisie word deur Nelson Mandela Universiteit se Govan Mbeki Mathematics Development Centre (GMMDC) georganiseer. Dit is 'n nasionale wiskunde kompetisie en Tiaan het vir Hoërskool Framesby verteenwoordig.  Hy het 'n tweede plek landswyd behaal in die graad 10 afdeling.  Tydens die prysuitdeling het hy 'n sertifikaat en kontantprys van Prof. Werner Olivier ontvang.

Tiaan het vanjaar 'n fenominale poging aangewend om vir Hoërskool Framesby, sy stad en sy streek te verteenwoordig en trots te maak.

Wiskunde Kompetisies / Olimpiade waaraan Tiaan in 2020 deelgeneem het:

1.South African Mathematics Olympiad (SAMO)
- Tiaan is vanjaar in die senior groep opgeneem (graad 10 tot 12 leerders).
- 95% in SAMO rondte 1, waar hy, as graad 10 leerder, meegeding het teen leerders in graad 10 tot 12.
- Tweede plek in die Oos-Kaap in SAMO rondte 2 en eindig onder die nasionale top 100 leerders.
- Deurgedring na SAMO rondte 3 (Finale rondte).
- Gekies as kaptein vir die Siyanqoba Nelson Mandela Baai 1ste span, wat deelgeneem het aan die SAMO Spankompetisie.
- Sy span eindig onder die top 20 spanne landswyd (19de uit 81 spanne landswyd).
- Tweede geplaas in die individuele kompetisie (slegs 3 punte wat hom van die top leerder geskei het).

Baie geluk Tiaan!

## FRAMESBY KLEREWINKEL




“SOFT SHELL”

**PUMA**

**BAADJIES**

**TE KOOP @ R 700 ELK**

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# GROOT DANK AAN AL ONS BORGE

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

NEC
Nissan Eastern Cape

MIGHTY KINGS
RUGBY ACADEMY

IIE Varsity College

BCC
BOSTON
City Campus & Business College
Education. For Life.

LANGERRY
HOLIDAY APARTMENTS
PORT ELIZABETH BEACHFRONT

NUTRITECH
NUTRITION TECHNOLOGY

KLINICARE
PHARMACIES
Caring for YOU

PUMA®

McDonalds Linton Grange

BAYGAS

Rietfontein
TROTSE ONDERSTEUNER VAN
HOËRSKOOL FRAMESBY
RABIE - RABIE - RABIE
RABIE TRUST

# Herbie's
## Buyers & Sellers

**Buyers & Sellers of furniture & appliances**

355 Kempston Road, Korsten - 041 451 0627 | 421 Govan Mbeki Avenue - 041 484 3563

## STOCK WANTED

SPORT

***ANTIQUES***
***BEDS (SINGLE, DOUBLE, BUNK)***
***BEDROOM SUITES***
***DININGROOM SUITES***
***DRESSING TABLES***
***LOUNGE SUITES***
***WARDROBES***
***WALL UNITS***
***FRIDGES / FREEZERS***
***STOVES***
***CUTLERY / CROCKERY***
***KITCHEN EQUIPMENT / UTENSILS / ORNAMENTS***
***KITCHEN SETS & SCHEMES***
***TOOLS / POWERTOOLS / BUILDING MATERIAL***
***TELEVISIONS, ETC.***

**WE COLLECT - BEST PRICES - FREE QUOTES - CASH PAID - HASSLE FREE**

# HERBIE - 082 579 1541

***KEEP ME 'TILL YOU NEED ME***

ACTISOL 159 t/a Herbies Buyers and Sellers    Reg No. 2006/028846/23    VAT Reg No. 4710231863

XBOX

PlayStation™

Sunridge Exchange

Next to Postnet.

Books - Games - Dvd - Lp's
Toys - Puzzles - Boardgames

We buy
We sell
WE EXCHANGE
we also order new and second hand
WhatsApp 0725432874

